

Die Suid-Afrikaanse Weermag en die “stryd” om Cuito Cuanavale: Fases 2, 3 en 4 van Operasie Moduler, Oktober - Desember 1987 [Deel 2]

Gerhard JJ Oosthuizen

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit

10061797@nwu.ac.za

Abstract

Several international events contributed to the fact that the struggle for South West Africa was not confined only to SWAPO and the South African forces. Because of a coup d'etat and the economic and moral burden which colonies entailed, Portugal withdrew from Angola and Mozambique in a rush in 1974. SWAPO, assisted by the Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA), established military bases in the south of Angola to invade South West Africa more effectively. It was therefore only a matter of time before the South African forces encountered not only SWAPO, but also the MPLA and Cuban forces. South Africa, however, did not take an attitude of wait-and-see, but wanted to retain the initiative mainly by means of so-called pre-emptive operations, such as Operation Savannah (1975-1976), which was the first of many cross-border operations. The general aim of these operations was to effectively curtail the infiltration of SWAPO from the south of Angola into South West Africa. During the first and only successful phase of Operation Modular (August-October 1987), the combined South African forces came to the aid of a beleaguered UNITA due to a Forças Armadas Populares de Libertação de Angola (FAPLA) offensive on the UNITA strongholds of Mavinga and Jamba. The Battle of the Lomba River on 3 October 1987 ended in the crushing of FAPLA's 47 Brigade and ushered in the successful completion of phase one of Operation Modular. The objective of this article is to analyse the strategic position of Cuito Cuanavale during phases two, three and four of Operation Modular (October-December 1987). In particular, this article focuses on the objectives of the SADF regarding Cuito Cuanavale. The conclusion is that, although fiercely denied in certain circles, the SADF most definitely wanted to conquer Cuito Cuanavale.

Keywords: Operation Moduler/Modular; Angola; SADF; UNITA; FAPLA; MPLA; Jonas Savimbi; Cuito Cuanavale; Mavinga; Menongue; Jannie

Geldenhuys; Operation Saludando a Octubre; Battle of Chambinga; SWAPO, South West Africa/Namibia; Military history.

Inleiding

Generaal Jannie Geldenhuys, bevelvoerder (1985-1990) van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), het op 16 Januarie 2008 ergerlik gereageer op ANC-Kubaanse aansprake dat die SAW gedurende 1987-1988 'n groot nederlaag gely het by onder andere Cuito Cuanavale. Geldenhuys se reaksie spreek boekdele: "Wat my betref, het die SAW en UNITA heroïese oorwinnings behaal. Ek is nie die enigste wat so sê nie. Dat ons by Cuito Cuanavale verloor het, is nijs minder nie as 'n mite en 'n verbeeldingsvlug. Baie mense glo die Kubaanse propaganda omdat dit hulle pas ..."¹ Daarbenewens het kolonel CJ Nöthling reeds in 1989 prontuit verklaar: "Cuito Cuanavale was nooit 'n teiken van die SA magte nie."² Die gevierrede Suid-Afrikaanse koerantman en historikus Willem Steenkamp het in 1990 egter die twyfel oor die Cuito Cuanavale-kwessie beklemtoon: "Byna twee jaar later is daar steeds 'n hewige twis oor wat die Suid-Afrikaners se voornemens was met Cuito Cuanavale. Propaganda daar gelaat is die Cuito Cuanavale-twispunt nie so eenvoudig as wat dit lyk nie. Daar bestaan nog heelwat twyfel of die Suid-Afrikaners en UNITA die basis wou verower."³ Hierdie twyfel is vandag (2011), meer as twee dekades later, steeds nie uit die weg geruim nie. Daarom het hierdie artikel ten doel om, gegrond op argivale navorsing in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiesentrum te Pretoria, die belangrikheid van Cuito Cuanavale in die Suid-Afrikaanse oorlogstrategie tydens Operasie Moduler fases 2, 3 en 4 te analiseer.⁴

Ná die 1974-staatsgreep in Portugal het die koloniale moondheid inderhaas uit Angola ontrek. Na Angola se onafhanklikwording op 11 November 1975 het die drie bevrydingsorganisasies UNITA, MPLA en FNLA mekaar opnuut die stryd aangesê. Dié burgeroorlog het teen die agtergrond van die

1 S van der Walt, "Dit gaan oor meer as net Cuito Cuanavale", *Beeld*, 16 Januarie 2008, p. 13.


2 CJ Nöthling, "Kort kroniek van militêre operasies en oprtredes (sic!) in Suidwes-Afrika en Angola (1914-1988)", *Militaria*, Vol. 19/2, 1989, p. 14.

3 W Steenkamp, *Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989* (Ashanti, Rivonia, 1990), p. 152.

4 Fase 1 het aandag geniet in 'n afsonderlike artikel: Kyk GJJ Oosthuizen, "Die Suid-Afrikaanse Weermag en transgrensoperasie Moduler, fase 1: Die FAPLA-offensief teen UNITA, Augustus – Oktober 1987" [Deel 1], pp. 43-62.

Koue Oorlog (1945-1990) afgespeel. Suid-Afrika, gesteun deur die VSA, het UNITA ondersteun, terwyl die USSR en sy satellietstaat, Kuba, die MPLA ondersteun het. Kuba en die MPLA het boonop die Kommunistiesgesinde South West African People's Organisation (SWAPO) ondersteun en in staat gestel om Suidwes-Afrika vanuit Suid-Angola binne te dring. In reaksie hierop het die SAW sedert 1975 verskeie transgrensoperasies van stapel gestuur om enige insypeling vanuit dié geweste in die kiem te smoor.⁵

Figuur 1: FAPLA-, UNITA- en SAW-gevegte, 1987



Bron: M Norval, *Death in the desert: The Namibian tragedy* (Selous Foundation Press, Washington DC, 1989), p. 214

⁵ H Hamann, *Days of the generals. The untold story of South Africa's apartheid-era military generals* (Zebra Press, Cape Town, 2001), pp. 11-45.

Vroeg in 1987 het die SAW inligting bekom dat die militêre vleuel van die MPLA, Forças Armadas Populares de Libertação de Angola (FAPLA), en die Kubane besig was met intensiewe voorbereidings om UNITA te verdryf uit die Sesde Militêre Streek (6MS), geleë in Suidoos-Angola⁶. Die FAPLA-Kubaanse magte het Cuito Cuanavale as “hegte basis ontwikkel” om vandaar offensiewe te loods teen Mavinga.⁷ Gedurende Mei 1987 het Jonas Savimbi, president van UNITA, die SAW dringend versoek om bystand teen die FAPLA-magte te verleen.⁸ Die SAW het gevolglik besluit om UNITA te ondersteun met die doel om die FAPLA-offensief genaamd Operasie Saludando a Octubre in die kiem te smoor.⁹ Die Slag van die Lomba-rivier op 3 Oktober 1987 het die suksesvolle afsluiting van fase 1 van Operasie Moduler ingelui. 47 Brigade en die FAPLA Westelike Taktiese Groep is suid van die Lomba-rivier vernietig en sodoende is die FAPLA-aanmars na Mavinga en Jamba effektief gestuit.¹⁰

Enkele dae na die Slag van die Lomba-rivier en terdeë bewus van die voortgesette FAPLA-gevaar en die kwesbaarheid van Mavinga, het die SAW-opperbevel operasionele instruksies 24/87 rakende die voortsetting van Operasie Moduler uitgereik. Die Suid-Afrikaanse magte moes in samewerking met UNITA die gekombineerde FAPLA-Kubaanse magte oos van die Cuito-rivier vernietig. Daar is voorsien dat Operasie Moduler in drie fases sou ontplooi, en die stuiting van die FPLA-offensief na Mavinga (fase een) was teen 3 Oktober 1987 reeds bereik. Die Suid-Afrikaanse magte moes tydens fase twee die inisiatief teen 6 November 1987 bekom en die FAPLA-Kubaanse magte oos van die Cuito-rivier die maksimum verliese toedien. Fase drie het die vernietiging van die FAPLA-brigades teen 15 Desember 1987 oos van die Cuito-rivier in die oog gehad. Dié fase het ook optrede teen Cuito Cuanavale ingesluit, indien dit noodsaaklik sou wees vir die suksesvolle voltooiing van

6 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiesentrum (SANWD), Pretoria, JF Huyser-versameling (JFH), Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Moduler, FAPLA Bevel en Beheer*, ca Augustus 1987.

7 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 17, Lêer 69, *Militêre geskiedenis Op Moduler*, reeks nommer 1 en 2; Argief Regiment Mooirivier (ARMR), Potchefstroom, Lêer 265: Anon., *Die Landeveg*, pp. 2-61, 2-62 bylae tot Omsendbrief Bevelvoerder 7 SA Divisie/Bevelvoerder RMR, 30 Junie 1993.

8 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 30, Lêer 156, W Dörnig, *A concise history of Operation Moduler (Phase one), May – October 1987*, pp. 7-8.

9 HL Blanch & I Liebenberg, “A view from Cuba: internationalists against apartheid”, *Journal for Contemporary History*, Vol. 34, no. 1, February 2009, p. 100; L Scholtz, “The air war over Angola: an analysis”, *Journal for Contemporary History*, Vol. 34, no. 1, February 2009, p. 240; G Shaw, “South Africa/Angola: accepting the consequences”, *The Natal Witness*, 16 November 1987, p. 6.

10 C Saunders, “South Africa’s war in Southern Angola (1987-1988) and the independence of Namibia”, *Journal for Contemporary History*, Vol. 18, no. 1, June 1993, p. 6; H Hamann, *Days of the generals...*, p. 93, SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek histogram, Konsep Operasie Moduler (fase 2) geskryf deur kmdt. R von Moltke*, Reeks 1, p. 1.

die operasie.¹¹ Die verowering én vernietiging van die Cuito Cuanavale-lughawe, geleë naby die operasionele gebied, sou die FAPLA-lugdominansie opskort omdat FAPLA-vegyliegte dan sou moes uitwyk na Menongue, sowat 150km noordwes van Cuito Cuanavale.

Eenstemmigheid kon egter nie bereik word rakende die inhoud van Operasionele Instruksie 24/87 nie, en na indringende samesprekings is dit gewysig.¹² Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Leër (H Leër) het op 27 Oktober 1987 'n volledige operasionele instruksie (D Ops/577/27 Okt 87) rakende Operasie Moduler uitgereik. Die primêre doelwit daarvan was steeds die vernietiging van die FAPLA-brigades oos van die Cuito-rivier. Fase vier is egter bygevoeg en het die verowering van Cuito Cuanavale behels, maar eers nadat die voorafgaande fases suksesvol voltooi is. In die aanvullende riglyne is bepaal dat druk volgehou moes word op Cuito Cuanavale deur onder andere die aanwending van Multi-Vuurpyllanseerders (MVL).¹³

Die mislukte FAPLA-offensief teen die Suid-Afrikaanse artillerie, Oktober 1987

Op 4 Oktober 1987 het die Voorste Bevelspos (VBP) te Cuito Cuanavale aan al die FAPLA-brigades wat aan die offensief deelgeneem het, opdrag gegee om onverwyld na die oorspronggebied van die Cunzumbia-rivier te onttrek.¹⁴Teen 11 Oktober 1987 was al die retirerende FAPLA-brigades in die omstreke van die Cunzumbia-oorsprong saamgetrek.¹⁵

Intussen is die Suid-Afrikaanse magte hergroep om sodoende meer effektief die offensief teen die terugtrekkende FAPLA-magte te hervat. Die geledere

11 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 56, vol. 3, D OPS/496/7 Okt 87: H Leër/SWAGM 31 Tak HK Rundu; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, Reeks 22A, pp. 19B-19H.

12 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 56, vol. 3, H Leër/D OPS/309/1 Moduler en LMH/TS/SSO OPS PLAN/309/4 – Moduler: *Beslisingsvoordrag aan H SAW oor voortgesette SAW deelname aan Op Moduler*, ca 12 Oktober 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 13 Oktober 1987, Reeks 77, pp. 56-57; Houer 16, Lêer 56, vol. 3: Sein HK SWAGM/Kol. Botha D Ops, 19 Oktober 1987; Houer 16, Lêer 56, D Ops/309/1 Op Moduler: Sein H Leër 31/SWA GM 31, 27 Oktober 1987.

13 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 56, D Ops/309/1 Op Moduler: Sein H Leër 31/SWA GM 31, 27 Oktober 1987; Houer 28, Lêer 132, Ops/901/31 Okt 87: 20 Brigade/Veggroep B; Houer 28, Lêer 132, Ops/790/23 Okt 87: Voor HK/Veggroep A, B et al.; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 27 Oktober 1987, Reeks 205 en 206, pp. 162-164.

14 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 104: *[Operasie Moduler:] Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, pp. 3.14-3.15; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 4 Oktober 1987, Reeks 14, p. 15.

15 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 104: *[Operasie Moduler:] Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, p. 3.16; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 11 Oktober 1987, Reeks 57, p. 45.

van 20 Brigade is versterk deur die toevoeging van 4 SA Infanteriebataljon en een eskadron olifanttenks: sodoende het 20 Brigade onontbeerlike pantservermoë bekom. Gedurende die nag van 10-11 Oktober 1987 het die Suid-Afrikaanse magte hulle bestemde posisies bereik en twee dae later was die artillerie gereed om Cuito Cuanavale, geleentheidsteikens en die FAPLA-brigades op die front te bestook. Ook die veggroep was slaggereed om teen die FAPLA-magte in die omgewing van die Cunzumbia-oorsprong op te tree.¹⁶

Q Battery het gedurende die aand van 14 Oktober 1987, ter uitvoering van Vuurplan Krater, Cuito Cuanavale bestook. 25 FAPLA-soldate het gedurende dié aanval gesneuwel en die VBP is ook getref, maar die aanloopbaan, wat die hoofsteiken was, is nie buite aksie gestel nie. Dié aanval deur die Suid-Afrikaanse G5-kanonne het beroeringe in die FAPLA-geledere veroorsaak, met die gevolg dat 59 Brigade opdrag ontvang het om so gou doenlik suidwaarts na die Miane-rivier te beweeg om vandaar operasies te loods om die G5-kanonne op te spoor en te vernietig.¹⁷ 59 Brigade het gedurende die nag van 15-16 Oktober via Catato na die oorspronggebied van die Miane-rivier beweeg. Kwelaksies van UNITA het geen effek op hulle gehad nie en gedurende die oggend van 16 Oktober het 59 Brigade reeds Catato bereik.¹⁸

Sedert 17 Oktober 1987 het die SALM en Artillerie 'n reeks effektiewe aanvalle op FAPLA-brigades 16, 21 en 59 geloods. Uit onderskeppingsberigte het dit geblyk dat FAPLA heelwat personeelverliese gely het, terwyl twee SA-13 missiele beskadig is.¹⁹ 59 Brigade het gevolglik VBP Cuito Cuanavale laat weet: "This is bad, I am under bombing and it's in excess."²⁰ Die Suid-

16 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Léer 52, Ops/622/13 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leér 31; SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 7 Oktober 1987, Reeks 27, p. 22; 8 Oktober 1987, Reeks 36, p. 29; 9 Oktober 1987, Reeks 37-38, 39, pp. 29-34; 11 Oktober 1987, Reeks 55, pp. 43-44; 13 Oktober 1987, Reeks 86, p. 63.

17 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 114, Sitrap 141700B Okt 87 tot 151700B Okt 87: 20 Art Regt/Voor HK, [ca 15 Oktober 1987]; Houer 25, Léer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith, SO1 Inligting INTSA op 7 en 8 Des 1987 te Rundu*, p. 21; Houer 17, Léer 69: *Militêre geskiedenis Op Modulêr, reeks nommer 37*, 16 Oktober 1987; Houer 28, Léer 132, Ops/676/12 Okt 87: 20 Brigade/THK Veggroep A et al.; Houer 24, Léer 104: [*Operasie Moduler: Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*], p. 3.22; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 13 Oktober 1987, reeks 87, p. 63; 14 Oktober 1987, reeks 73, p. 66; 15 Oktober 1987, reeks 76, p. 67.

18 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 15 Oktober 1987, reeks 85, p. 73.

19 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 114, Sitrap 161700B tot 171700B Okt 87: 20 Art Regt/HK 20 Bde, 17 Oktober 1987; Houer 16, Léer 57, 4090, y-berigte: 59 Bde/1 Ops Grp, 19 Oktober 1987; Houer 16, Léer 57, 4090, y-berigte: Ops Grp/16 Bde, 17 Oktober 1987; Houer 26, Léer 114, Sitrap 161700B tot 171700B Okt 87: 20 Art Regt/Voor HK 20 Bde, [17 Oktober 1987]; Houer 16, Léer 67, y-berigte: 59 Bde/2 Ops Grp, 17 Oktober 1987; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 Oktober 1987, reeks 89, p. 75; 17 Oktober 1987, reeks 90, p. 77A; 17 Oktober 1987, reeks 93-94, pp. 78-79.

20 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Léer 62, 5204, y-berigte: 59 Bde/CC, 17 Oktober 1987.

Afrikaanse artillerie het ook effektief bygedra tot die benarde en geïsoleerde posisie waarin 59 Brigade hom bevind het. Die Taktiese Groep van FAPLA het byvoorbeeld verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om by 59 Brigade aan te sluit, maar is telkens gekortwiek deur die effektiewe bombardement van die G5-kanonne en die SALM. Onderskeppingsberigte het bevestig dat die Taktiese Groep aansienlike verliese gely het, moed opgegee het en besluit het om eerder noordwaarts te onttrek.²¹ Die opdrag van 59 Brigade om die Suid-Afrikaanse G5-kanonne suid van die Miane-rivier op te spoor en te vernietig is gevolglik in die wiele gery.

Die belangrikste knelpunte vir die FAPLA-magte was die geïsoleerde posisie van 59 Brigade en die vernietigingswerk van die G5-kanonne wat buite die reikafstand van die FAPLA-artillerievuur was. FAPLA het in reaksie verskeie lugaanvalle op die G5-kannone geloods. Weens FAPLA-lugdominansie bokant die front het versterkingselemente (onder andere verskeie tenks) van die Taktiese Groep en 21 Brigade die gelede van die beleërde 59 Brigade versterk.²²

Bulderende grondskree-propaganda (vanaf ’n Ratel met kragtige klankapparaat) om die moreel van 59 Brigade te knak is ook aangewend: “The enemy [Suid-Afrikaanse magte] is talking, saying that the 47 BDE is dead and the 59 BDE will be like the 47 BDE soon.” Hierdie vorm van intimidasie het egter geen uitwerking gehad nadat versterkings opgedaag het vir 59 Brigade nie, soos spreek uit ’n berig wat lui: “We don’t know if it can come today or tomorrow, but we are ready, chief.” 59 Brigade het die Suid-Afrikaanse magte ook uitdagend in kennis gestel dat hulle nie die hasepad sou kies nie, maar sou “bly en veg”.²³ Boonop is kommandant Les Rudman en sy skakelspan se volgehoue grondskree-aksies begroet met ’n teruggeskreeu van 59 Bataljon en periodieke kleingeweervuur-stormlope. Rudman moes uiteindelik die aftog blaas en onttrek uit die onmiddellike omgewing van 59 Brigade.²⁴ Die

21 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 52, Ops/789/19 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leër 31; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 19 Oktober 1987, reeks 117, 121, pp. 97-98, 100; 20 Oktober 1987, reeks 132, p. 105; 21 Oktober 1987, reeks 138, 139 en 145, pp. 116B, 117, 121, 122.

22 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 22 Oktober 1987, reeks 153, p. 127; reeks 158, p. 130; 23 Oktober 1987, reeks 1676, p. 140.

23 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 119: Sitrap no 6, Siel Ops, tydperk 1-7 Okt 87, 7 Oktober 1987; Houer 16, Lêer 67, y-berigte: 59 Bde/PCA CC, 22 Oktober 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 23 Oktober 1987, reeks 168, p. 141.

24 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 97: *Voorligting op 2/11/87 vir generalels Van Loggerenberg; Van den Bergh, Nog Een en ses bestuurslede van Krygkor*, p. 2; Houer 26, Lêer 121, Ops/910/31 Okt 87: Sein VHK/THK et al.; Houer 25, Lêer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, pp. 31-33; Houer 15, Lêer 53, Ops/198/01 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leër.

grondskree-propagandategniek is daarna nie weer tydens Operasie Moduler ingespan nie.

MiG-vegyliegtuie is intussen aangewend om die G5-stellings te vernietig, maar die bomme het telkens die teiken gemis. Die SALM en Suid-Afrikaanse artillerie het daarenteen voortgegaan met 'n volgehoue en feitlik koorsagtige bombardering van FAPLA-grondmagte en Cuito Cuanavale.²⁵ Die G5-bestoking was so suksesvol dat die lughawe gesluit moes word, sodat die Angolese Lugmag noodgedwonge na Menongue-vliegveld, sowat 150 kilometer wes van Cuito Cuanavale, moes verskuif. Daarbenewens moes die FAPLA-hoofkwartier uit Cuito Cuanavale onttrek en terugbeweeg na Nancova.²⁶ FAPLA is hierdeur ontnem van die voordeel om naby aan die gevegsfront oor 'n vliegveld én hoofkwartier te beskik. Die implikasie hiervan was onder andere dat die effektiwiteit van die FAPLA-lugmag ingekort sou word, weens die ekstra brandstofverbruik en gevoldlike korter duur van sorties.

Dat die FAPLA-lugaanvalle en -lugdominansie 'n skrikwekkende ervaring vir die Suid-Afrikaners en hulle bondgenote was, blyk duidelik uit die volgende aanhaling uit die situasierapport van 20 Brigade HK aan Tak HK Rundu:

“Dit [24 Oktober 1987] was die dag wat gekenmerk is deur vy [vyandelike] lugaanvalle in [die] omgewing van eie magte. Vandag het RSA magte begin besef wat 'n vy [vyandelike] lugoormag [dominering deur die gesofistikeerde FAPLA-vegyliegtuie] beteken. Danksy [die] genade van Bo het ons geen verliese ofly [sic!] nie.”²⁷

Die aanhoudende lugaanvalle van die SALM en bestokings deur die G5-kanonne en die MVL's op 59 Brigade het hewige personeel- en uitrustingverliese teweeggebring en 59 Brigade kon derhalwe nie sy opdrag uitvoer om die G5-kanonne te neutraliseer nie.²⁸

25 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 53, Ops/945/24 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leér; Ops/980/25 Okt 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 26, Lêer 121, Ops/881/Okt 87: Sein 20 Bde/Tak HK *et al.* [29 Oktober 1987]; Ops/828/26 Okt 87: Sein 20 Bde/Tak HK *et al.*; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 24 Oktober 1987, reeks 180, 181, 184, pp. 147-148, 150; 25 Oktober 1987, reeks 190, p. 152, 26 Oktober 1987, reeks 196, p. 157; 27 Oktober 1987, reeks 202 en 203, p. 161; 28 Oktober 1987, reeks 211, p. 171; 29 Oktober 1987, reeks 212-217, pp. 172-175; 30 Oktober 1987, reeks 218-219, 223, pp. 177-180; 31 Oktober 1987, reeks 225-227, pp. 182-183; 1 November 1987, reeks 231 en 234-235, pp. 187-188; 3 November 1987, reeks 247, p. 197.

26 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 67, y-berigte: Tak HK Rundu/20 Bde Tak HK, 28 Oktober 1987; H Heitman, “Operations Moduler and Hooper (1987-1988)”, *South Africa Defence Force review*, 1987/1988 (Durban, Walker-Ramus Trading, 1988), pp. 279, 281.

27 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 121, Ops/813/24 Okt 87: Sein 20 Bde/TAK HK Rundu *et al.*

28 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, reeks 198, p. 158.

Die slag van Chambinga: 16 Brigade onder skoot, 9 November 1987

’n Keerpunt in die operasionele vermoë van die Suid-Afrikaanse magte is teweeggebring deur die inskakeling van Veggroep C by 20 Brigade. Die toevoeging van die eskadron Olifanttenks het beteken dat suksesvolle offensiewe teen die FAPLA-magte en veral direkte konfrontasie met die FAPLA-pantser haalbaar sou wees.²⁹

FAPLA het egter intussen sy magspeile net noord van die Miane-rivier doelgerig verhoog met die oog op die loodsing van ’n nuwe offensief. Op 6 en 7 November 1987 moes twee operasies gelyktydig uitgevoer word, naamlik ooswaarts deur 16 Brigade en suidwaarts deur 21 Brigade, 59 Brigade en die Taktiese Groep. Dié offensief was gemik teen alle Suid-Afrikaanse en UNITA-magte. Die FAPLA-magte het egter ’n fatale gevegswaarderingsflater begaan deur die Suid-Afrikaanse magte te waardeer as onkonvensionele magte wat nie weerstand sou kon bied teen die konvensionele FAPLA-magte nie. Gebrekkige diepteverkenning het daartoe geleid dat hulle onbewus was van die teenwoordigheid van die veggroepe, en die aanwesigheid van die Suid-Afrikaanse Olifanttenks is eers op 9 November deur vyandelike verkenners gerapporteer.³⁰ Vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog is Suid-Afrikaanse tenks gemobiliseer om oorlog te maak.³¹ Veggroepe A en C het gesamentlik bekend gestaan as 10 Taakmag en die gesogte Olifant-tenkeskadron het onder Veggroep C geressorteer.³² Dié verhoogde slaankrag van die Suid-Afrikaanse magte is effekief aangewend om die suidwaartse FAPLA-offensief te stuit. Die aanval op 16 Brigade by die oorsprong van die Chambinga-rivier was die eerste volwaardige veldslag ná die Slag van die Lomba-rivier. Die SAW wou deur die vernietiging of verdrywing van 16 Brigade beheer uitoefen oor die sleutelterrein by die oorsprong van die Chambinga-rivier, maar ’n suksesvolle aanval sou ook ’n enorme sielkundige impak hê op die FAPLA-magte suid van die Hube-rivier. Die beplande FAPLA-offensief sou gevolgtlike skipbreuk ly en die Suid-Afrikaanse magte sou dan die Angolese vanuit die suide en die noordooste kon bedreig. Daarna kon begin word met vernietigingsgevegte teen die FAPLA-magte in die suide en terselfdertyd

29 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 27 Oktober 1987, reeks 208, p. 167.

30 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 5 November 1987, reeks 253-255, pp. 201-204.

31 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Modulêr*, reeksnommer 62, 9 November 1987; SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 6 November 1987, reeks 262, p. 208.

32 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 6 November 1987, reeks 263, p. 209.

kon 'n effektiewe bedreiging teen Cuito Cuanavale geskep word.³³ Die uitskakeling van die Cuito Cuanavale-lughawe sou die FAPLA-lugdominansie verminder, aangesien FAPLA-sorties dan noodgedwonge vanaf Menongue, sowat 150km noordwes van Cuito Cuanavale, van stapel gestuur moes word.

Die grondaanval op 16 Brigade is op 7 November 1987 voorafgegaan deur verskeie lugaanvalle – eers deur vier F-1AZ Mirages en later deur twee Buccaneers S Mk 50.³⁴ Om 01:00 op 9 November 1987 het Veggroep B, as deel van die misleidingsplan, begin met sy steekaanval op die stellings van 59 Brigade. Veggroep C het begin beweeg na die doelwit (16 Brigade), terwyl Veggroep A om 06:27 met die misleidingsaanval op 16 Brigade uit die suidooste begin het. Die aanval is onmiddellik met 'n teenbombardement begroet.³⁵ Veggroep A het kort daarna onttrek en om ongeveer 07:32 het Veggroep C die eerste vyandige vuur getrek.³⁶ Veggroep C het verder op die doelwit in beweeg en om 08:09 het die Suid-Afrikaanse Olifanttenks vir die eerste keer met vyandige tenks in 'n volskaalse geveg betrokke geraak. Veggroep C, met die Olifanttenks wat gelei het, het stelselmatig deur die doelwit geveg. Die tenks het twee T54-tanks, een BRDM-2 (Russiese pantserkar) en verskeie logistieke voertuie gedurende die vroeë fase van die geveg uitgeskiet.³⁷

Teen 09:10 was dit reeds duidelik dat die lede van 16 Brigade holderstebolder op die vlug geslaan en al hulle uitrusting agtergelaat het.³⁸ Kommandant Marais het sy magte vinnig geherorganiseer om die vyand, wat suidwaarts gevlug het, te agtervolg en aan te val.³⁹ Om 10:19 het Veggroep C weer

33 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 274, p. 215; 9 November 1987, reeks 277, p. 218.

34 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 17, Lêer 70, Sitraplêers: Reeks 8, 7 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 7 November 1987, reeks 266, p. 211.

35 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 110, Ops 238: Inrap Bde HK/THK Rundu, [9 November 1987]; Houer 15, Lêer 53, Ops/457/09 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leër; Houer 17, Lêer 70: Sitrappe, reekse 1-3, 9 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 278, 281-282, pp. 218, 220-221.

36 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 53, Ops/457/09 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leër; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 5 en 8, 9 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 285-286, pp. 222-223.

37 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 114, Ops/0188/Nov 87: Veggroep C/TM10, [18 November 1987]; Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Moduler*, reeksnummer 79, 11 November 1987; Houer 15, Lêer 53, Ops/457/09 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leër; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 13, 9 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 289, p. 224.

38 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 110, Sitrap vir die tydperk 081900 tot 091900 B Nov 87: Taakmag 10/20 Bde, [9 November 1987]; Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Moduler*, reeksnummers 81-83, 11 November 1987; Houer 24, Lêer 104: *[Operasie Moduler:] Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, p. 3.23; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 290, p. 225.

39 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 111, Ops/0014/87: Veggroep C/Tak HK, [9 November 1987]; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 291, p. 225.

vuur getrek en het toe in ’n hewige tenkgeveg gewikkel geraak. Tydens die geveg, om 11:42, is ’n Suid-Afrikaanse Ratel deur ’n FAPLA-tenk getref en sewe soldate het gesneuwel.⁴⁰ Daarbenewens is twee tenks beskadig, maar hulle kon herwin word en is op die front herstel.⁴¹ Daarteenoor was die FAPLA-personeelverliese omvangryk en is ’n groot hoeveelheid uitrusting, onder andere nege tenks, vernietig of gebuit.⁴²

Die daaropvolgende gevegte het egter ’n ander dimensie gehad, soos blyk uit die volgende berig deur kommandant R Von Moltke: “Van die vyandige tenks was deur Kubane beman en anders as in die verlede, het die vyand hierdie keer sy tenks aggressief aangewend.”⁴³ Ondanks personeelverliese het die Suid-Afrikaanse magte daarin geslaag om 16 Brigade van die doelwit te verdryf. Kommandant R von Moltke het die oorlogservaring van die jong troepe so verwoord:

Vir baie van die jong troepe was dit [9 November] ’n dag wat hulle nooit sal vergeet nie. Vir baie van hulle was hulle eerste kontak met die vyand ’n skokkende gebeurtenis. Nie alleen moes hulle teen ’n mag veg wat oor konvensionele uitrusting beskik het nie, maar hulle het ook ervaar hoe dit voel as gesofistikeerde vegvliegtuie met vuurpyle aanval. Die verlies van hulle makkies, die aanvalle deur die Migs en die skynbare onvermoë om teen die Migs op te tree [deur byvoorbeeld die effektiewe aanwending van die Amerikaanse stinger-missiele], het ’n demoraliserende uitwerking op baie van die jong troepe gehad.⁴⁴

“Lugdominansie en ’n lae moreel”: offensiewe aksies, 11-17 November 1987

Die SAW het volgens beskikbare bronne aanvaar dat daar teen 10 November 1987 twee doelwitte was: doelwit A het bestaan uit ’n FAPLA-vyandige element versterk deur sowat ses tenks in die digte bosarea oos van die Huber- oorsprong, terwyl doelwit B ’n aansienlik sterker mag was wat suid van die

⁴⁰ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 23, Lêer 94: Ops 309/1 Sitrap 121900B tot 131900B Nov 87; TM HK 10/20 Bde HK, [13 November 1987]; Houer 26, Lêer 111: Ops/0014/87: Veggroep C/Tak HK, [9 November 1987]; Houer 26, Lêer 114, Ops/0188/Nov 87: Veggroep C/TM10; Houer 15, Lêer 53, Ops/457/09 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 22, 26 en 41, 9 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 295, p. 228.

⁴¹ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 473, Ops/473/10 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 41, 9 November 1987.

⁴² SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 302, pp. 235-236.

⁴³ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 296, p. 228.

⁴⁴ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 9 November 1987, reeks 301, pp. 234B-235.

Chambinga-rivier ontplooい was.⁴⁵ Ten spyte van lugdominansie deur die FAPLA MiG 23-vegvliegtuie en feitlik onbegaanbare, digbeboste terrein het Veggroep C in samewerking met die artillerie onder andere elf FAPLA-tenks vernietig. Die totale Suid-Afrikaanse personeelverliese op 10 en 11 November 1987 was vyf gesneuweldes en 17 gewondes. Dié verliese het die Suid-Afrikaanse moreel uiters negatief beïnvloed en in die situasierapport van 11 November is gerapporteer “dat die moreel redelik laag is a.g.v. die feit dat ons so baie verliese kry en relatief min vyandelike personeel dood”.⁴⁶

Na afloop van die gevegte teen FAPLA se 47 Brigade het kolonel Deon Ferreira, bevelvoerder van 20 Brigade, die kommerwekkende lae moreel probeer kenter deur aan 61 Gemeganiseerde Bataljon die onderneming te gee dat hulle nie weer met hulle huidige vermoë teen die FAPLA-magte aangewend sou word nie. Die bevelvoerder van 61 Gemeganiseerde Bataljon was egter nie hiervoor te vinde nie en het volgehou dat sy eenheid na slegs 'n paar dae se rus weer operasioneel aangewend sou kon word. Ondanks hierdie besware het die SAW-opperbevel onwrikbaar gebly by hulle onderneming, en vanaf 9 November 1987 is 4 Suid-Afrikaanse Infanterie (4 SAI) aangewend as die hoofaanvalsmag om FAPLA-brigades oos van die Cuito-rivier te vernietig, terwyl 61 Gemeganiseerde Brigade aangewend is in die passiewe rol van 'n ligte reserwemag. Dit het 'n baie demoraliserende uitwerking op 61 Gemeganiseerde Bataljon gehad. Boonop het dit geblyk dat dit nie 'n goeie keuse was om 'n veggroep (4 SAI) aan te wend teen 'n FAPLA-brigade nie. Verliese gely tydens die aanslag en hewige FAPLA-weerstand op doelwit Bravo het 4 SAI tot so 'n mate tot stilstand gedwing dat die veggroep nie meer aggressief-offensief aanwendbaar was nie. Ferreira het dus tot die slotsom gekom dat “die totale vermoë van Op Moduler magte nie aanwendbaar is teen 'n aggressiewe doelgerigte vy [vyand] soos die vy Tak Gp [Taktiese Groep] noord van die Hube oorsprong nie”.⁴⁷

Takmag 10 HK het op 12 November 'n evalueringsaanbieding gelewer aan die Bevelvoerende Generaal Suidwes-Afrika Gebiedsmag (SWAGM) rakende die vermoë van 20 Brigade om FAPLA-brigades oos van die Cuito-rivier teen 15 Desember 1987 te vernietig, met die volgende gevolgtrekking: “Met ons huidige vermoë kan die totale vy [vyandelike] mag oos van die Cuito-rivier nie

45 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lēer 72: *Projek Histogram ...*, 10 November 1987, reeks 319, p. 248; 10 November 1987, reeks 313, p. 244.

46 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lēer 110, Ops/996/Nov 87: THK/Bde, [11 November 1987].

47 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lēer 121, U/T Ops/052/12 Nov 87: Sitrap, 20 Bde HK/Rundu.

vernietig word nie. ’n Minimum van ’n addisionele tenk eskn [eskadron] en ’n meg veggp [gemeganiseerde veggroep] word benodig.” Op grond hiervan is die demobilisering van die bestaande magte en die beplanning van ’n nuwe operasie aanbeveel.⁴⁸ Die opdrag van die HLeer dat alle FAPLA-brigades oos van die Cuito-rivier vernietig moes word, is dus nie uitgevoer nie. Die SAW was intens bewus van die feit dat die FAPLA-magte hulle in bekende en beheerde gebied bevind het en met indirekte wapens en vegvliegtuie die Suid-Afrikaanse magte ernstige verliese kon toedien.⁴⁹

Die FAPLA-opperbevel, wat daarvan oortuig was dat die Suid-Afrikaanse magte ’n hewige aanslag op Cuito Cuanavale beplan het, het die verdediging van dié FAPLA-vesting die hoogste prioriteit gemaak. Die FAPLA-magte moes dus terugtrek en oos van die Cuito-rivier ontplooi word om Cuito Cuanavale effektiief te verdedig.⁵⁰ Ondanks verwonde pogings van die Suid-Afrikaanse magte om deur middel van artillerie- en SALM-bestokings die FAPLA-magte in die 6MS te bind, het 21 en 25 Brigade daarin geslaag om by mekaar aan te sluit en met ’n gesamentlike noordwaartse onttrekking te begin.⁵¹ Benewens die bestokings van die FAPLA-magte op die front het die G6-kanonne vanuit die noorde suksesvol geleenheidsteikens en strategiese uitrusting by Cuito Cuanavale bestook.⁵²

Tydens die beplanning vir voortgesette optrede het die lae moreel van die Suid-Afrikaanse troepe weer ter sprake gekom. Die bevelvoerder van een van Veggroep A se kompanies het gerapporteer dat sy manskappe “gedemotiveerd” was. Sommige lede van 4 SAI (Veggroep C) was ontnugter oor die groot lewensverlies die voorafgaande paar dae, “ omdat [die] verwagting geskep is dat eie magte baie sterk en [die] vy[and] swak” was. Sommige troepe het openlik verklaar dat hulle nie aan die einde van hulle dienspligtydperk blootgestel wou word aan hierdie doodsgevaar nie. Sommige van hulle se gesindheid was so negatief dat hulle die Ratel beskryf het as ’n doodskis op

48 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 121: Sein, 20 Bde HK/Tak HK Rundu, 13 November 1987.

49 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 11 November 1987, reeks 349, pp. 272-273.

50 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 11 November 1987, reeks 350 en 352, pp. 273-274, 276; 12 November 1987, reeks 373-374, pp. 283-284.

51 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 13 November 1987, reeks 381, 383, 385, 386-387, pp. 288, 289-292; 14 November 1987, reeks 395-396A, pp. 301-302.

52 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 110: Sitrap 121600 -13600 B Nov 87: 20 Brigade Ops/20 Bde SO Art, 13 November 1987; SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 110: Sitrap 99/87 vir die periode 12601 B – 13 1600 Nov 87: 20 Bde/Tak HK Rundu, [13 November 1987]; Houer 26, Léer 110: Ops/098/13 Nov 87: Bde 20/Tak HK Rundu; Houer 17, Léer 70: Sitrap, reeks 9, 13 November 1987; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 13 November 1987, reeks 384, p. 290.

wiele⁵³, waarvan die bestuurders veral kwesbaar was. Die troepe was voorts ongelukkig daaroor dat dieselfde groep telkens aangewend is as die voorste kontakmag.⁵⁴ FAPLA-vegvliegtuie se dominering van die lugruim aan die front het 'n verdere demoraliserende uitwerking op die Suid-Afrikaanse troepe gehad. Só byvoorbeeld het vier MiG23-vegvliegtuie Veggroep C "ongesteurd" aangeval, waarna die vliegtuie oor Taakmag HK gevlieg het. Die lansering van twee stinger-vuurpyle teen die vliegtuie het ook geen vrugte afgewerpt nie.⁵⁵ Die SAW-opperbevel het kapelane en sielkundiges aangewend om die situasie te probeer beredder en het onverpoosd voortgegaan met Operasie Modular.

Op 16 November 1987 was elemente van die Suid-Afrikaanse magte oor 'n wye front in hewige gevegte met die FAPLA-magte betrokke. Binne enkele minute is vier FAPLA-tenks uitgeskiet. Teen 10:30 is vanaf Veggroep C se westelike flank hewige vuur op FAPLA neergebring, terwyl Veggroep B verder suid ook kontak gemaak het. Benewens uitrustingverliese het kaptein Nguleica, bevelvoerder van 21 Brigade, gesneuwel. Een Rinkhals-ambulans en een Withings-herwinningsvoertuig wat in 'n diep v-vormige uitloper vasgeval het, asook 'n Ratel 20 van Veggroep C is deur FAPLA uitgeskiet. In die proses het twee lede van die Suid-Afrikaanse magte gesneuwel, terwyl 18 lede gewond is.⁵⁶

Die dag se gevegte was hewig en het teen 16:30 reeds meer as ses ure lank geduur. Aangesien Veggroep B en C se ammunisie en brandstof min was, is kontak met die vyand verbreek om eers logistieke aanvulling te doen. FAPLA het die onderbreking benut deur vinnig om die Hube se oorsprong te ontsnap.⁵⁷ Die Suid-Afrikaanse magte, by name Veggroepe A en C, het gevolglik die inisiatief verloor weens gebrekkige logistieke beplanning.

53 Die Ratels het bykans geen beskerming teen FAPLA-Kubaanse tenkvuur gebied nie.

54 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Léer 53, Ops/953/14 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 13 November 1987, reeks 392, pp. 298-299.

55 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 November 1987, reeks 424, p. 319.

56 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 114, Sitrap LI 215: TM10/20 Bde, 161630B [Nov 87]; Houer 26, Léer 114, Ops/309/1, 151900B tot 161900B Nov' 87: Taakmag 10/20 Bde HK, [16 November 1987]; SANWD, Pretoria, JFH, Houer 25, Léer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt. Smith ...*, p. 55; Léer 69: *Militêre geskiedenis Op Modulér*, reeksnummer 111 en 112, 16 November 1987; Houer 15, Léer 53, Ops/034/16 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 17, Léer 70: Sitrap, reeks 4, 5 en 6, 16 November 1987; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 November 1987, reeks 419-421, 431; pp. 316-318, 324A-324B.

57 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 23, Léer 94, Ops 309/1, Sitrap 171900B – 181900B Nov 1987: 10 TM/20 Bde, [18 November 1987]; Houer 15, Léer 53: *Sit 6 Mil Street*, 17 November 87; Houer 17, Léer 70: Sitrap, reeks 12 en 15, 16 November 1987; Houer 24, Léer 104: [*Operasie Modular:*] *Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, pp. 3.25-3.26; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 November 1987, reeks 426, 429, 430A, 430B; pp. 320-324A.

Trouens, kolonel Roeland de Vries was van mening dat daar tydens Operasie Modular “nooit werklik ’n infrastruktuur gevestig [was] om die op[erasie] werklik te dra nie. Hulle sukkel nou nog [16 Februarie 1988]. Ons het op ’n stadium vir 5 dae gestaan omdat ons nie diesel gehad [het] nie. Dit is waarom ons die inisiatief en handelsvryheid by tye verloor ... [Die] logistiek het amper op ’n tipe van ’n krisisbasis gefunksioneer.”⁵⁸

Tydens die onderbreking weens logistieke aanvulling is die reeds uitgeputte troepe vir die soveelste keer deur die FAPLA-lugmag aangeval, sonder dat die SALM iets daadwerkliks kon doen. Hierdie oënskynlike magteloosheid van die SALM het ’n negatiewe uitwerking gehad op die gemoedere van die jeugdige Suid-Afrikaanse soldate⁵⁹, en kommandant CJ Schoeman het na afloop van die gevegte van 17/18 November 1987 die volgende versuiging uitgespreek: “Vy lug aktwe [vyandelike lugaktiwiteite] en lugoormag is steeds ’n groot bron van kommer en plaas ’n groot beperking op die handelingsvryheid van eie magte. Op die wyse is die momentum vd aanval oos van Chambinga brug gestrem agt vy [vyandelike] luginmenging.”⁶⁰

Die samedromming van die terugtrekkende FAPLA-soldate in die omgewing van die Chambinga-brug het ’n uitstekende teiken aan die Suid-Afrikaanse magte gebied. Met eerste lig op 17 November 1987 was daar ’n miernes van bedrywighede in die omstreke van die Chambinga-brug, aangesien die FAPLA-magte (met 16 Brigade en die Taktiese Groep aan die voorpunt) in afgawting was van ’n hewige aanval deur Suid-Afrikaanse magte vanuit die ooste.⁶¹ Die belangrikste doelwit van die Suid-Afrikaanse magte was om voertuie op die brug te vernietig en sodoende die FAPLA-magte die gebruik van die brug te ontnem. Net na 08:00 het die artillerie op voertuie gevuur wat besig was om die brug oor te stek. Aangesien een van die voertuie aan die brand geslaan het, moes sowat 60 voertuie na ’n gebied oos van die brug onttrek. Sowat 150 FAPLA-infanteriste het die brug te voet aangedurf, maar bestoking deur G5-kanonne en MVL’s was so effektiief dat bykans 100 van hulle gesneuwel het. Daarna is vuur gerig op konsentrasies oos van die brug,

58 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 27, Léer 122: *Onderhoud met Kol. Roeland de Vries op 16 Februarie 1988 by die SA Leerkollege in Voortrekkerhoogte*, pp. 13-14.

59 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 November 1987, reeks 431, p. 324B.

60 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 114, Ops 309/1, Sitrap 171900B tot 181900B Okt 87, 10 TM/20 Bde, [18 November 1987]; SANWD, Pretoria, JFH, Houer 23, Léer 94, Ops 309/1, Sitrap 171900B tot 181900B Nov 87: 10 TM/20 Bde, [18 November 1987].

61 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 16 November 1987, reeks 432, p. 325; 17 November 1987, reeks 436, p. 328.

met hewige verliese vir FAPLA.⁶² Benewens groot personeelverliese is meer as 30 voertuie, wat onder ander 'n SA-8 insluit, vernietig.⁶³

Veggroep A het intussen 21 Brigade en een bataljon van 25 Brigade opgespoor en die twee magte agtervolg om hulle aan te val. Die veggroep het teen laat die middag van 17 November 1987 die agterhoede van die FAPLA-magte twee keer ingehaal. Die tweede aanval is onderbreek deur 'n berig dat FAPLA-vegvliegtuie in aantog was, maar tydens hierdie twee kortstondige gevegte is onder ander twee tenks en een TMM-tydelike brug vernietig. 25 Brigade het ook vier van sy offisiere vermis. Die besonder digte terrein en dominerende teenwoordigheid van die FAPLA-vegvliegtuie het egter die twee FAPLA-magte tot so 'n mate bevoordeel dat hulle oor die Chambinga-rivier kon ontsnap.⁶⁴

Gedurende die tydperk 9 tot 17 November 1987 was daar aan die kant van die FAPLA-magte sowat 600 gesneuweldes en byna net soveel gewondes, terwyl die Suid-Afrikaanse magte 17 gesneuweldes en 40 gewondes gely het. Nogtans was hierdie verliese vir die Suid-Afrikaanse magte ongekend hoog. FAPLA-verliese gedurende die tydperk 13 Julie tot 18 November 1987 het 3 178 personeelverliese beloop (1 059 gedood en 2 118 gewond). Daarbenewens het FAPLA 'n magdom uitrusting verloor, onder ander 61 tenks en 301 logistieke voertuie.⁶⁵ Weens die omvangryke uitrusting- en personeelverliese het kommandant R Von Moltke tot die voortydige gevolgtrekking gekom dat "die vyand se offensiewe vermoë en sy wil om te veg grootliks vernietig [was]".⁶⁶

Operasie Modular, wat in hierdie stadium reeds meer as drie maande aan die gang was, het sy tol geëis ten opsigte van personeel en uitrusting. Boonop het die meeste jong manne aan die einde van hulle dienspligtermyn gestaan en was daar by sommige van hulle 'n "min-dae-mentaliteit" te bespeur. Die troepe

62 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Léer 53, Ops/074/17 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 17, Léer 70: Sitrap, reeks 2 en 4, 17 November 1987; Houer 24, Léer 104: [*Operasie Modular: Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, pp. 3.26-3.27; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 438, 445; pp. 329, 335.

63 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 445, p. 335.

64 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 25, Léer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, pp. 65-66; Houer 17, Léer 69: *Militière geskiedenis Op Modular*, reeks 132, 133, 134 en 135A, 17 November 1987; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 449-450, pp. 336-337.

65 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 452, pp. 338-339; 18 November 1987, reeks 480-480B, pp. 355-357.

66 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 438, 445; pp. 329, 335; 17 November 1987, reeks 450, p. 337.

het onder moeilike omstandighede soms vir lang tydperke feitlik dag en nag diens gedoen. Daar is hoofsaaklik van rantsoenpakkies geleef, aangesien die tyd ontbreek het om behoorlik kos te maak. FAPLA-vegvliegtuie het die Suid-Afrikaanse magte bykans daagliks getreiter. Alhoewel die FAPLA-vlieëniers meestal die teiken gemis het, was die lugbombardement en dominering van die lugruim ’n intimiderende ervaring vir die jong manne. Wanneer die Suid-Afrikaanse magte staties was, moes ingegrawe word en het troepe soms lang tydperke in hulle “gate” deurgebring. Die buitengewoon hoë lewensverlies het ook bygedra tot die vrees dat hulle sou sterf voor hulle die einde van die jaar kon uitklaar. Sake is vererger deurdat daar ’n gerug die ronde gedoen het dat hulle diensplig verleng sou word, aangesien Operasie Moduler nog nie voltooi was nie.⁶⁷

Die “finale” aanslag, 25-26 November 1987

Op 18 November 1987 het die Hoof van die SAW, generaal Jannie Geldenhuys, met die HLeér en HStaf Inligting beraadslag oor die voortsetting van Operasie Moduler. Drie opsies is oorweeg, naamlik die beëindiging van die operasie; die uitbuiting van die situasie tot by die Cuito-rivier; of die verowering van Cuito Cuanavale wes van die Cuito-rivier. Aangesien die FAPLA-lugmag talryke probleme vir die Suid-Afrikaanse magte veroorsaak het, was HLeér, generaal Kat Liebenberg, van oordeel dat Cuito Cuanavale verower moes word. Wat die moontlike verowering van Cuito Cuanavale betref, het generaal Geldenhuys die riglyn neergelê dat dit met die minimum voertuie en maksimum artillerie-vuursteun moes geskied. Hoewel daar nie konsensus bereik is tydens die samesprekings nie, is die dringendheid wel beklemtoon om so gou doenlik met ’n geskikte plan van aksie na vore te kom.⁶⁸

Die beplanningsfase is versuur daardeur dat die kompaniebevelvoerders van 61 Gemeganiseerde Brigade eenparig laat blyk het dat hulle troepe weens hulle lae moreel nie gereed was om ’n nuwe fase noordwaarts aan te durf

⁶⁷ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 53, Ops/077/18 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 20 en 21, 17 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 17 November 1987, reeks 453-454, pp. 339-341.

⁶⁸ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 56, H SAW/309/1 Op Moduler: Memorandum *Bevestigende notas Op Moduler: H SAW Kantoor 18 November 1987*, H SAW/H Leér en HS Ops, 20 November 1987; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 1 en 2, 19 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 18 November 1987, reeks 456-457, 461, pp. 342-344.

nie. Hulle het vertroue in hulle leiers verloor, aangesien die leiers telkens 'n beperkte doelwit gestel het, net om dit dan weer deur nuwe doelwitte op te volg. Daarbenewens het die troepe vervroegde uitklarings verwag, aangesien hulle die gebruiklike 14 dae verlof moes ontbeer. Hulle was daarom nie bereid om risiko's te loop so kort voor uitklaring nie.⁶⁹

Desondanks dié negatiewe stemming het die Taktiese HK te Rundu besluit dat Operasie Moduler sou voortgaan, met die vernietiging van die FAPLA-brigades oos van die Cuito-rivier as primêre doelwit.⁷⁰ Teen 23 November 1987 was die volledige plan vir die offensief van 25 tot 27 November uitgewerk. Die opdrag het soos volg gelui: "Om vy[and] wes van [die] Chambinga rivier en in [die] Tumpo omgewing maks[imum] verliese toe te dien en indien moontlik op die vlug te dryf oor [die] periode 25-27 Nov '87." D-dag is vasgestel vir 25 November 1987.⁷¹ Benewens die ondersteuning van die grondmagte sou die belangrikste teikens vir die SALM en artillerie die logistieke basis by Tumpo en die brug oor die Chambinga-rivier wees.⁷² Kommandant Smith het die naïwiteit van die SAW-opperbevel beklemtoon deur daarop te wys "dat jy nie daardie ouens [FAPLA-magte] uit daardie stellings gaan kry sonder 'n fisiese geveg op die stellings nie".⁷³ Dit was waarskynlik die meerderheidsmening in die SAW.

Die SAW-opperbevel was egter van mening dat as die FAPLA-magte nie vernietig sou word nie, die Suid-Afrikaanse militêre optrede in die 6MS – die groot FAPLA personeel- en uitrustingverliese ten spyt – weinig sou bereik het. Dit was naamlik duidelik dat FAPLA steeds oor die wil en vermoë beskik het om na die UNITA-vesting Mavinga op te ruk.⁷⁴

69 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 54, Ops/216 22 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 *et al.*; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 6, 21 November 1987.

70 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 16, Lêer 56, D Ops/309/1 Op Moduler: Sein H Leér 31/SWA GM 31, 19 November 1987; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 1, 19 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 18 November 1987, reeks 470, p. 349.


71 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 54, Ops/253/24 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 *et al.*; Houer 26, Lêer 114, Ops/0002/23 Nov' 87, Tak HK 10/Veggroep A *et al.*; Houer 29, Lêer 143, Ops/0002/23 Nov 87: Tak HK 10/Veggroep A *et al.*; Houer 17, Lêer 70: Sitrap, reeks 1, 22 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 21 November 1987, reeks 493, p. 368.

72 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 29, Lêer 143, Ops/0002/23 Nov 87: Tak HK 10/Veggroep A *et al.*; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 18 November 1987, reeks 475, p. 353.

73 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 25, Lêer 106: *Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt. Smith ...*, p. 74.

74 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 24 November 1987, reeks 504; p. 384.

Figuur 2: Die laaste SAW-aanvalle tydens Operasie Modular, 25-26 November 1987



Bron: F Bridgland, *The war for Africa: Twelve months that transformed a continent* (Ashanti, Gibraltar, 1990), p. 231.

Die veggroep het gedurende die nag van 23-24 November 1987 noordwaarts beweeg. Veggroep A en Q-Battery is tydens die opmars onsuksesvol deur die FAPLA-lugmag aangeval. Verskeie suksesvolle aanvalle is ook deur die SALM op geïdentifiseerde teikens in die omstreke van die Chambinga-brug geloods. Die beoogde aanval op die FAPLA-magte in die omgewing van die Chambinga-brug deur UNITA en Veggroep B het op 'n vals noot begin. Die UNITA-gidse wat die veggroep moes vergesel was nie in posisie nie en boonop het die besonder digte plantegroei die beweging van 'n gemeganiseerde mag feitlik onmoontlik gemaak. Veggroep B het teen 'n slakkepas beweeg – inligtingstawwe het tydens die beplanningsiklus tereg daarop gewys dat die terrein slegs geskik was vir die infanterie wat te voet beweeg het.⁷⁵ Teen 15:00 het Veggroep B steeds probeer om die FAPLA-magte te bereik, maar hulle kon slegs 700 meter vorder oor 'n tydperk van een uur. Teen 15:20 is daar mortiere op die veggroep gevuur en 'n rukkie later het die onbegaanbare terrein hulle tot stilstand gedwing.⁷⁶ Eers teen 17:00 het Veggroep B die buitenste FAPLA-stellings bereik. Die bevelvoerder wou sy mag konsolideer

⁷⁵ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 110, Ops/309/1 24 Nov 87: Sitrap TK HK 10/Bde HK 20; Houer 15, Léer 54, Ops/338/26 Nov 87: Tak HK Rundu/H Léer 31 et al.; Houer 24, Léer 99, Art Sitrap 250000B Nov 78 [sic] tot 251937B Nov 87: 10 TK HK/Bde HK 20, [25 November 1987]; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram* ..., 24 November 1987, reeks 508 en 509, pp. 387-388; 25 November 1987, reeks 516, 519; pp. 392-394.

⁷⁶ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Léer 110, Ops/003/B Nov 87: Sitrap 20 Bde HK/Tak HK Rundu, 25 November 1987; Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram* ..., 25 November 1987, reeks 527, p. 399.

na die gesukkel deur die digte bosse, en het ongelukkig 'n ontruimde FAPLA-bataljonstelling daarvoor gekies. Met die uitstap van die Veggroep is hulle met mortiere bestook. Een van die mortiere het binne 'n Ratel 90 ontplof en kanonnier Meyer is gedood, terwyl nege lede gewond is.⁷⁷ Onder aanval van die akkurate mortiervuur het die veggroep inderhaas onttrek en aangesien dit reeds laat was, het die bevelvoerder besluit om nie weer 'n poging aan te wend om aan te val nie. Ook Veggroep C, wat teen 15:14 onder aanval van hewige en akkurate indirekte vuur was, moes onverrigtersake en met drie gewondes onttrek.⁷⁸

Na aanleiding van hierdie verloop van sake berig Von Moltke soos volg op 25 November: "Met uitsondering van die bydrae wat deur die artillerie gelewer is, was 25 November nie 'n suksesvolle dag vir die Suid-Afrikaanse magte nie. Die Veggroepe is eenvoudig deur die ontsettende digte plantegroei verhoed om hulle opdragte uit te voer. Die belangrikheid van terrein vir 'n gemeganiseerde mag is weer eens bo alle twyfel bewys." Hy vra daarop: "Indien die waardering uitwys dat 'n meg [gemeganiseerde] mag nie in 'n bepaalde terrein kan veg nie, waarom word dit dan probeer?"⁷⁹ Brigadier Johan Louw, bevelvoerder HK Rundu, was eweneens oortuig "dat die terrein ons [Suid-Afrikaanse magte] grootste vyand was en nie FAPLA nie".⁸⁰

Die volgende dag se optrede het onder andere behels dat Veggroep A die G6-kanonne moes beskerm en met die oorblywende elemente 'n bedreiging vanuit die noordooste skep. Daarbenewens moes Veggroep C (saam met 'n tenkeskadron) ook 'n bedreiging skep vir die FAPLA-magte by Tumpo, deur wegstaanbestokings⁸¹ en deur terselfdertyd die FAPLA-ontsnappingsroete na Cuito Cuanavale te bedreig. Veggroep B het diens gedoen as taakmagreserwe.⁸²

77 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 110, Sitrap 241601B – 25 1600 B Nov 87: Bde 20/Tak HK Rundu, 25 November 1987; Houer 26, Lêer 110, Ops/309/1 24 Nov 87: Sitrap TK HK 10/Bde HK 20; Houer 26, Lêer 114, Ops/309/1 24 Nov 87: Sein TK HK 10/Bde HK 20; Houer 30, Lêer 155: Operasie Moduler, *Onderhou gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, p. 79; Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Modulér*, reeksnommer 174, 25 November 1987; Houer 15, Lêer 54, Ops/338/26 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 et al.; Houer 24, Lêer 99: Sitrap Op Moduler 309/1 241900B Nov 87 tot 251900B Nov 87: Bde HK 20/TK HK 10, [25 November 1987].

78 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 110, Sitrap 241601B – 25 1600 B Nov 87: Bde 20/Tak HK Rundu, 25 November 1987; Houer 26, Lêer 114, Ops/309/1 24 Nov 87: Sein TK HK 10/Bde HK 20; Houer 30, Lêer 155: *Operasie Moduler, Onderhou gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, p. 80; Houer 17, Lêer 69: *Militêre geskiedenis Op Modulér*, reeksnommer 174 en 175, 25 November 1987; Houer 15, Lêer 54, Ops/338/26 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 et al.

79 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 25 November 1987, reeks 532-534, p. 401.

80 SANW, Pretoria, JFH, Houer 27, Lêer 122: *Onderhou gevoer deur maj. R Von Moltke met brig. Johan Louw – Bev Tak HK Rundu op 8 Desember 1987*, p. 6.

81 Bestokings via byvoorbeeld MVL's vanaf 'n veilige afstand en buite die sigveld van die vyand.

82 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 25 November 1987, reeks 535; p. 403.

Die presiese ontplooiing van die FAPLA-magte oos van die Cuito-rivier was nie aan die Suid-Afrikaanse magte bekend nie. Die inligtingstawwe was vir 80% van hulle inligting van UNITA afhanklik, wat 'n onbetroubare bron geblyk te wees het. Dié gebrekkeige gevegsinligting het die beplanning en uitvoering van die aanvalsoffensiewe deeglik in die wiele gery. Boonop het dit uit onderskeppingsberigte duidelik geblyk dat die FAPLA-moreel besonder hoog was en dat hulle volle vertroue gehad het in hul verdedigingsvermoë.⁸³

Veggroep B het op 26 November die FAPLA-stellings op die hoë grond noord van die Chambinga-brug verlate gevind. Gevolglik was daar geen flankbedreigings vir Veggroep C gedurende sy deurbeweeg suid van die stelling nie.⁸⁴ Veggroep C kon weens die digte bosse en bome nie vinnig beweeg nie en met die aankoms op die doelwit was dit ook ontruim. Tydens die verdere aanmars het die veggroep onwetend in 'n mynveld ingery. 'n Withings-herwinningsvoertuig het 'n landmyn afgetrap, waarna hewige indirekte vuur op die Veggroep gevolg het. Kommandant Marais het in die lig hiervan besluit om buite bereik van die vyandelike vuur te onttrek. Die besonder akkurate indirekte vuur is egter nie gestaak nie, maar het die terugtrekkende veggroep gevolg. Daarbenewens is die 130mm M46-kanon van Cuito Cuanavale ook vir die eerste gebruik om die Suid-Afrikaanse magte te bestook. Die hewigheid en akkuraatheid van die FAPLA-bestoking het kommandant Marais genoop om te rapporteer dat hy nie sy opdrag kon uitvoer nie en dat hy onverwyld na veiligheid sou onttrek.⁸⁵

Die weswaartse onttrekking van Veggroep C het tot gevolg gehad dat die offensiewe van 26 November totaal in due gestort het. Die opdrag "om die FAPLA magte in die omgewing van die Chambingarivier en Tumpo maksimale verliese toe te dien en indien moontlik op die vlug te dryf" kon nie uitgevoer word nie. Hoewel die artillerie en SALM daarin geslaag het om FAPLA gevoelige verliese toe te dien, het die offensiewe van 25 en 26 November 1987 in werklikheid niks vermag nie. Trouens, die FAPLA-magte was nog net so ontplooи en deeglik ingegrawe soos voor die laaste Suid-Afrikaanse

⁸³ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 25 November 1987, reeks 536-537, 540, pp. 403-404, 407.

⁸⁴ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 17, Lêer 69: *Militaire geskiedenis Op Modulêr*, reeksnommer 179 en 180, 26 November 1987; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 26 November 1987, reeks 542; p. 408.

⁸⁵ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 26, Lêer 110, Sitrap 251601B tot 261600 Nov 87: 20 Bde/Tak HK Rundu, 26 November 1987; Houer 30, Lêer 155: *Operasie Modular, Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, pp. 83-84; Houer 17, Lêer 69: *Militaire geskiedenis Op Modulêr*, reeksnommer 181 en 182, 26 November 1987; Houer 15, Lêer 54, Ops/370 27 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leer 31 et al.; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram ...*, 26 November 1987, reeks 546-550, pp. 410-412.

offensiewe. Die FAPLA-magte se moreel was baie hoog, aangesien hulle die Suid-Afrikaanse grondmagte op 'n afstand kon hou en boonop verliese kon toedien sonder om "handgemeen" te raak. Die redelik sterk Suid-Afrikaanse mag se offensiewe doelwitte is verydel deur FAPLA se effektiewe aanwending van die terrein en akkurate indirekte vuur.⁸⁶

Dit val dus nie vreemd op nie dat Tydelike HK teen die einde van November 1987 soos volg aan Voor HK berig het nie: “[Die] BG SWA het vandag sy kommer uitgespreek oor die situasie by Cuito [Cuanavale]. EM [eie magte] blyk nie in staat te wees om huidiglik die gewenste resultate te behaal nie. ... Die moontlikheid van algehele onttrekking word oorweeg.”⁸⁷ [Skrywer se beklemtoning.]

Die onsuksesvolle Suid-Afrikaanse offensiewe van 25 en 26 November 1987 het inderdaad die moreel van 'n aansienlike aantal Suid-Afrikaanse troepe erg geknou en die beeld van 'n onoorwinlike SAW het dus in die slag gebly. Veral die troepe van 61 Gemeganiseerde Brigade was krities en negatief teenoor die SAW en sommige lede van die leierselement het tekens van gevegsvermoeienis getoon.⁸⁸

Teen die aand van 26 November was dit onbetwisbaar duidelik dat die Suid-Afrikaanse magte nie die FAPLA-magte sodanig sou bedreig dat hulle oor die Cuito-rivier sou onttrek nie. Dit was duidelik dat die FAPLA-magte nie op grond van 'n blote bedreiging sou onttrek nie en dat hulle fisies in hulle stellings aangeval en verdryf sou moes word. Die Suid-Afrikaanse plan het dus algeheel misluk en 'n nuwe aanslag sou op 'n kreatiewe wyse bedink moes word.⁸⁹ Al die Suid-Afrikaanse magte het suidwaarts na strategiese plekke onttrek en was sedert 27 November 1987 besig met die onderhoud van uitrusting en ook om noodsaaklike slaap en rus in te haal.⁹⁰

Die FAPLA-magte het hierdie geleentheid benut om logistieke aanvullingsaksies te loods en waar nodig versterkings te voorsien. In Menongue het FAPLA

86 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 104: *[Operasie Modular:] Beknopte historiese oorsig van die FAPLA-offensief*, pp. 3.28-3.29; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram* ..., 26 November 1987, reeks 553-555; pp. 414-416.

87 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 100, U/G Ops/105/Nov 87: THK/VHK, [26 November 1987].

88 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 54, Ops/370 27 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 et al.; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram* ..., 26 November 1987, reeks 557, p. 417.

89 SANW, Pretoria, JFH, Houer 24, Lêer 99, Inrap 5/87: Situasie CC front 26 Nov 87, [27 November 1987]; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram* ..., 26 November 1987, reeks 558, pp. 417-418.

90 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 15, Lêer 54, Ops/402 27 Nov 87: Tak HK Rundu/H Leér 31 et al.; Houer 18, Lêer 72: *Projek Histogram* ..., 27 November 1987, reeks 559, p. 419.

hulle verdedigingstellings versterk en ’n uitgebreide bunkerstelsel verbeter. In die 6MS het FAPLA ook die tyd effektiel benut om voorbereidings te tref vir ’n aanval van die Suid-Afrikaanse magte vanuit die ooste. 25 Brigade en 59 Brigade het gesamentlik die voorste verdedigingsechelon van die FAPLA-magte uitgemaak, wat gestrek het vanaf die omstreke van die Chambingabrug tot by die Cuito-rivier. Die moreel van die FAPLA-magte was in daardie stadium hoog, en hulle het laat blyk dat hulle in beheer was van die terrein en dus gereed was vir aanvalle deur die Suid-Afrikaanse magte.⁹¹

Op 28 November 1987 het beplanners by die Taakmag HK besluit dat voortgegaan sou word met die omruiling van troepe.⁹² Die volgende dag is die omruilingsplan te Mavinga in werking gestel en op 9 Desember 1987 het 4 SAI hulle oorhandiging en oornname voltooi en het die laaste van die troepe wat tot in daardie stadium diens gedoen het, om 19:00 per vliegtuig na Suid-Afrika vertrek.⁹³

Met die besluit om voort te gaan met die troepomruilings is Operasie Moduler effektiel afgesluit en is inderhaas beplan aan Ovpolgoperasie Hooper. Generaal Jannie Geldenhuys het op 5 Desember 1987 aangekondig dat die Suid-Afrikaanse troepe onttrek sou word, aangesien hulle taak afgehandel was. Hy het beklemtoon dat dit ’n taktiese onttrekking was onder operasionele toestande en dat daar nog gevegte kon plaasvind.⁹⁴

Besluit

Na aloop van Operasie Moduler is die volgende vraag aan brigadier Johan Louw, bevelvoerder Tak HK Rundu, gestel: “[Voel] u die feit dat Cuito [Cuanavale] nie gevat is nie, het die hele operasie die moeite werd gemaak?” Sy reaksie hierop was soos volg: “Ons moet net onthou ons aanvanklike opdrag was nie om Cuito te vat nie. Ons aanvanklike opdrag was om die offensief te stuit, wat ons gedoen het. Ons het baie meer as dit gedoen. Ons het nie alleen

⁹¹ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 27 November 1987, reeks 560, p. 419; 28 November 1987, reeks 565, p. 421; 29 November 1987, reeks 572, p. 426; 29 November 1987, reeks 573, p. 427; 30 November 1987, reeks 574, p. 427.

⁹² SANWD, Pretoria, JFH, Houer 18, Léer 72: *Projek Histogram ...*, 28 November 1987, reeks 566; p. 422.

⁹³ SANWD, Pretoria, JFH, Houer 29, Léer 146: Oorlogsdagboek HK 20 Bde, tydperk 290001 B - 292359 B Nov 87, reeks 1; tydperk 300001 B - 302359 B, Nov 87, reeks 1; tydperk 010001 B - 012359 B Des 87, reeks 1; tydperk 020001 B - 022359 B Des 87, reeks 1; tydperk 09001 B - 092359 B Des 1987, reeks 2.

⁹⁴ J Geldenhuys, *A general's story from an era of war and peace* (Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1995), p. 219; D Williams, *On the border: The white South African military experience 1965-1990* (Tafelberg, Cape Town, 2008), p. 104.

die offensief gestuit nie, maar ook die vyand heeltemal teruggejaag. ...Toe het die opdrag gekom: Vernietig die Bdes [brigades] oos van Cuito. Of ons in daardie opsig geslaag het, dink ek sal elke ou wat jy vra 'n ander opinie gee. Dit hang af hoe mens die woord 'vernietig' interpreteer. ...Toe het die opdrag gekom: Verower Cuito.”⁹⁵ [Skrywer se beklemtoning.]

Die Nöthling-aanname dat Cuito Cuanavale nooit die teiken van die SAW was nie, is dus van alle waarheid ontbloot. Operasie Moduler het verskeie (her) beplanningsaksies beleef en in alle gevalle het die neutralisering van die Cuito Cuanvale-lughawe en die verowering van Cuito Cuanavale 'n sentrale plek ingeneem. Teen die einde van Oktober 1987 is die doelwit om die lughawe te neutraliseer wel bereik, waarop die FAPLA-magte terstond die Menongue-lughawe, sowat 150km noordwes van Cuito Cuanavale, benut het. FAPLA-lugdominansie is derhalwe nie beëindig nie, en dit het 'n negatiewe uitwerking op die operasionele vermoë en moreel van die Suid-Afrikaanse magte gehad.

Die verowering van Cuito Cuanavale het egter weens verskeie ander struikelblokke nie gerealiseer nie. Weens onder andere die langdurigheid van Operasie Moduler, die vinnig naderende uitkläringsdatum van nasionale dienspligtiges, gerugte van verlengde grensdiens, 'n ongewoon hoë aantal gesneuweldes en voortgesette vyandelike lugdominansie was die moreel van sommige lede van die Suid-Afrikaanse magte besig om te taan. Die SAW-opperbevel het ondanks hierdie toenemend negatiewe stemming met Operasie Moduler voortgegaan.

Daarteenoor het die moreel van die FAPLA-magte, byvoorbeeld weens die hopeloos ontoereikende Suid-Afrikaanse offensiewe van 25 en 26 November, ongerekende hoogtes bereik. Hulle was in staat om, sonder nabye gevegte, die Suid-Afrikaanse magte op 'n afstand te hou en verliese toe te dien, en het in die proses boonop hulle stellings behou. Die ongerekende vasberadenheid van die FAPLA-magte, wat altyd voorgehou is as 'n “swak vyand”, het beslis bygedra tot die lae moreel van sommige lede van die Suid-Afrikaanse magte.

Die Suid-Afrikaanse magte, wat vir sowat 80% van sy inligting van UNITA afhanklik was, is male sonder tal gekortwiek deur ontoereikende en foutiewe inligting. Behoorlike gevegswaarderings was gevvolglik merendeels nie moontlik nie. Die Suid-Afrikaanse magte is boonop ook gepootjie deur gebrekkige logistieke aanvulling. Kommandant Smith, Stafoffisier 1

95 SANW, Pretoria, JFH, Houer 27, Lêer 122: *Onderhoud gevoer deur maj. R Von Moltke Ops/828/26 Okt 87e met brig. Johan Louw – Bev Tak HK Rundu op 8 Desember 1987*, pp. 2-5.

Inligting, was gevolglik van oordeel dat “die belangrikste les wat ek self uit hierdie operasie geleer het, is die feit dat ons nie gerat is vir ’n konvensionele oorlog nie”.⁹⁶ Ook kolonel Roeland de Vries was van oordeel dat daar tydens Operasie Moduler onvoldoende logistieke ondersteuning was. Die Suid-Afrikaanse magte het derhalwe by tye die inisiatief verloor.⁹⁷

Sake is vererger deurdat die Suid-Afrikaanse Veggroepe keer op keer weens die ontsettend digte plantegroei verhoed is om hulle opdragte uit te voer. Gevegswaarderings het verskeie kere uitgewys dat gemeganiseerde magte nie in ’n spesifieke terrein kon veg nie, maar die SAW het in weerwil daarvan gebruik gemaak van sy gemeganiseerde magte, net om dan telkens die aftog te moes blaas. Brigadier Johan Louw, bevelvoerder HK Rundu, spreek daarom die mening uit dat die terrein die Suid-Afrikaanse magte se grootste vyand was, en nie FAPLA nie.

Kort na die katastrofale offensiewe van 25 en 26 November het die SAW-opperbevel dan ook uiteindelik besluit om Operasie Moduler te staak en om die FAPLA-magte gedurende die tweede helfte van Desember 1987 deur Operasie Hooper opnuut die stryd aan te sê. Fred Bridgland se aanname dat “[a] kind of half-cock military plan was decided upon to conclude Operation Moduler before the national servicemen went home to their mums, wives and girlfriends”, is dus nie so vergesog nie.⁹⁸

Vanuit ’n Suid-Afrikaanse oogpunt beskou, lê die sukses van Operasie Moduler in die effektiewe belemmering van die FAPLA-offensief teen Mavinga. Die Suid-Afrikaners en hulle UNITA-bondgenote was egter deeglik daarvan bewus dat die FAPLA-magte in staat was om binne die afsienbare toekoms die aanslag op Mavinga te hervat. Ondanks bogenoemde belemmerende faktore en die onrealistiese inperking van die Suid-Afrikaanse magte tot nie meer as 3 000 soldate nie, is verdere transgrensoperasies van stapel gestuur. Operasie Moduler het, sonder vrees vir teenspraak, ’n beduidende rol gespeel om Suid-Afrika tot die onderhandelingstafel te dwing.

96 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 30, Lêer 155: *Operasie Moduler, Onderhoud gevoer deur maj. R von Moltke met kmdt Smith ...*, p. 104.

97 SANWD, Pretoria, JFH, Houer 27, Lêer 122: *Onderhoud met Kol. Roeland de Vries op 16 Februarie 1988 by die SA Leerkollege in Voortrekkerhoogte*, pp. 13-14.

98 F Bridgland, *The war for Africa: Twelve months that transformed a continent* (Ashanti, Gibraltar, 1990), p. 229.